21 Movies

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Bruce Almighty

## Ester 2-5

*Jy kry mense wat van die een wonderwerk of teken na 'n volgende leef. In Bruce Almighty kry ons 'n ander perspektief op wat 'n wonderwerk is.*

*God sê vir Bruce: "'n Enkelouer wat twee beroepe het en steeds tyd het om haar kind by die sokkeroefening te gaan haal -dit is 'n wonderwerk! Iemand wat nee sê vir dwelms en ja vir 'n opvoeding - dit is 'n wonderwerk.*

*Wil jy 'n wonderwerk sien? Wees dan 'n wonderwerk!*
*In die boek Ester is die wonderwerk Ester self, wat haar skoonheid en verstand gebruik om uiteindelik die koning oor te haal om haar familie en haar volk te red.*

*Lees die teks stadig deur.*
*Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas hierdie by jou lewe in?*

*Hoe pas hierdie in jou kind se lewe?*

*Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?*

*Wat in jou menswees kan jy vandag* gebruik om 'n wonderwerk te wees.
(Bybel 24/7)